# 3. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSERS= VERENIGING

## 3.1 Inleiding

ŉ Historiese oorsig van die Transvaalse Onderwysersvereni= ging (TO) is relevant, want die huidige organisasiestruktuur en funksionering kan eers reg verstaan word teen die agtergrond van die geskiedenis van die TO.

Die TO het nie in isolasie ontstaan en ontwikkel nie, maar was sedert sy oorsprong deel van die Afrikanervolk. Of die TO (inge= bed in die kultuur van die Afrikaner) in die vestiging, handha= wing en uitbouing van dit wat vir die Afrikaner kultuurhistories en normatief betekenisvol was, sy bydrae gelewer het, sal kort= liks vanuit ŉ histories-prinsipiële perspektief vasgestel word.

Die feit dat daar in die grondwet van die TO (Art. II C) bepaal word dat "alle onderwys en opvoeding Christelik en nasionaal" moet wees, vereis dat daar besin moet word oor die betekenis van die begrip *nasionaal* in die geskiedenis van die Afrikanervolk. Hierdie volk het, sedert sy vestiging aan die Kaap, deur die Groot Trek heen, in sy worsteling om vryheid in die Tweede Vry= heidsoorlog, deur die depressiejare en twee wêreldoorloë heen, ŉ verbete stryd gestry om sy identiteit te behou. Die TO as on= der andere ŉ kultuurorganisasie was en is onlosmaakbaar verbonde aan die Afrikanervolk, want hy dien ook die kind, die ouer, die staat en die kerk deur middel van sy lede. Tereg beweer Treur= nicht (1969 : 161) dat "Die herrysenis van ons volk en die herwin van sy selfrespek in ŉ baie hoë mate te danke (is) aan die Afri=

kaneronderwyser wat uit 'n strydende volk voortgekom het, sy ver=
band met sy volk en sy hele nasionale strewe nooit verloën het
nie — ook nie in die klaskamer nie — en wat deur sy moedige en
lojale optrede inderdaad die bouer van 'n nasie was". Die betrok=
kenheid van die TO as Afrikaneronderwysersorganisasie in die
geskiedenis van die Afrikanervolk maak dus 'n oorsig van die ge=
skiedenis van die TO onvermydelik vir hierdie verhandeling.

Die TO is primêr 'n professionele diensorganisasie. 'n Paar Blanke
Afrikaanssprekende onderwysers van Transvaal (R.D. Collins,
O. Boersma, G. Hofmeyr en andere) het reeds in 1893 die behoefte
van die Transvaalse onderwyserskorps aangevoel om eendragtig op
georganiseerde basis in diens van die onderwysers van Transvaal
te funksioneer. Daarom word hierdie vereniging gestig, gevestig
en uitgebou deur die loop van die jare, totdat hy tans as die
grootste Blanke onderwysersvereniging in die RSA funksioneer
(vgl. Tabel 2.1). Om 'n betekenisvolle perspektief op die TO en
veral sy dienslewering te kry, is dit nodig om sy dienslewerings=
rol ten opsigte van sy lede sedert sy stigtingsjare kortliks in
oënskou te neem.

Daar sal in hierdie hoofstuk slegs op bepaalde deurlopende lyne
gekonsentreer word, naamlik op die religieuse grondmotief, die
nasionale grondslag en die lede-diensleweringskomponent van die
TO in sy ontstaan en ontwikkeling as deel van die Afrikanervolks=
geskiedenis.

### 3.2 Onderwystoestande voor die ontstaan van *De Vereeniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in de Zuid-Afrikaansche Republiek* (VVOOZA)

#### 3.2.1 Inleidende opmerkings

Die Transvalers het na die Groot Trek (1832-1838) metter=tyd gevestig geraak in Transvaal. Hulle het vir hulle 'n eie lewenstyl uitgewerk waarin onder andere die opvoedende onderwys van hulle kinders vir hulle van wesentlike belang was. Die *Zuid-Afrikaansche Republiek* se owerheid het oorwoë aandag geskenk aan die onderwys, en veral drie wette en die mense wat leiding in hierdie verband geneem het, kom in die visier van die volgende paragrawe. Hierdie drie wette was naamlik *Wet 4 van 1874*, *Wet 1 van 1882* en *Wet 8 van 1892* waarby onderskeidelik veral Burgers, Du Toit en Mansvelt betrokke was. Weë en middele vir doeltref=fende opvoedende onderwys is deur middel van genoemde wette in aansyn geroep, gevolglik kon die onderwysers meestal ongehinderd hul beroep beoefen.

Gaandeweg het daar egter by die Afrikaneronderwyserskorps die behoefte ontstaan om hulle eie onderwysersvereniging te stig, sodat hulle, behalwe vir die uitbouing en bevordering van Chris=telik-nasionale Onderwys (CNO), ook na hulle eie belange kon om=sien.

#### 3.2.2 Die tydperk voor 1881

Die Boere in Transvaal se onderwys was aanvanklik sterk onder die invloed van die kerk, want die primêre doel was om die Voortrekkerjeug gereed te kry vir hulle belydenisaflegging. Met=

tertyd het die Regering egter al hoe meer inisiatief in verband met die onderwys oorgeneem. So het *Wet 4 van 1874* (die soge=naamde Burgerswet) onder andere bepaal dat:

* godsdienstige oortuigings van individue eerbiedig moet word;

* vry onderwys aangebied moet word; en

* 'n superintendent van Onderwys wat direk aan die Volksraad en Uitvoerende Raad verantwoording verskuldig was, aan=gestel moet word (Van Wyk, 1938(1) : 20).

Burgers se Wet het die volk van hom vervreem, want dié wet het bepalings bevat wat vir die volk onaanvaarbaar was, soos byvoor=beeld die "neutrale" bepaling in verband met godsdiens. Hy het verder ook die onderwysbeheer verander, die opvoedingsdoel ge=sekulariseer, want *Wet 4 van 1874* het selfs onderwysers verbied om iets aan die kinders te leer of te doen wat strydig sou wees met die opvattinge van andersdenkendes. Die ouers sou ook voort=aan die medium van onderrig vir hulle kinders kon kies (Barnard, 1979 : 50).

Na die anneksasie van Transvaal deur Engeland (1877), voer Lyle, wat aangestel is as superintendent van Onderwys, die staatsubsi=diestelsel in, wat van die onderwys staatsondersteunde onderwys gemaak het. Ds. H.S. Bosman sit hierdie *Payment by Results*-stel=sel voort, dog die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) bring weer 'n ander wending, want ds. S.J. du Toit, wat radikaal anders dink, word in 1882 as superintendent van Onderwys aangestel.

### 3.2.3 S.J. du Toit en *Wet 1 van 1882*

Na die roemryke oorwinnings wat behaal is met die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881), het Transvaal op 8 Augustus 1881 weer ŉ onafhanklike Boererepubliek geword. S.J. du Toit is op 13 Maart 1882 as superintendent van Onderwys aangestel. Du Toit, wat reeds aan die Kaap gepleit het vir ŉ stelsel van Christelik-nasionale onderwys, het in Transvaal sy werk doelgerig voortgesit en die resultaat van sy ywer het gekulmineer in *Wet 1 van 1882*. Die CNO-gedagte het inderdaad hier sy beslag gekry, en dit sou verderaan in die geskiedenis van die Afrikaner rigtinggewend figureer.

Omdat hierdie wet van wesentlike belang is, ook vir die ontstaan en ontwikkeling van die TO, word sekere artikels vervolgens vol=ledig aangehaal (vgl. Barnard, 1974 : 59-74). In die *Algemene Bepalingen*, artikel 1 word bepaal dat

* "het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwys hunner kinderen", (op. cit. : 61) terwyl die staat se aan=deel beperk word tot ŉ bydrae vir steun volgens die aantal leerlinge en die graad van die onderwys.

* Artikel 2 (op. cit. : 63) bepaal onder andere dat "in alle van Regeringswege ondersteunde scholen, het burgerlijk onderwijs behoorlijk gegeven word:

  (a) In Christelijken geest

  (b) Waarbij begrepen is het openen en sluiten der school met Gebed, en het lezen van Gods Woord en de be=handeling der Bijbelgeschiedenis binnen de School=uren".

Verder word in hierdie artikel bepaal dat enige leerstel= lige ("confessioneel") onderwys aan die verskillende kerke se kerkrade oorgelaat moet word.

* Artikel 7 bepaal dat "Het onderwijs zal gegeven worden in de Nederduitsche taal" (op. cit. : 65).

Uit hierdie wet blyk dit dat Du Toit die grondlegger van formele en georganiseerde Christelik-nasionale Onderwys in Suid-Afrika was, want ouerverantwoordelikheid in die opvoedende onderwys, die Christelike religieuse grondmotief van die onderwys en moeder= taalonderwys word eksplisiet bepaal. Hierdie drie beginsels het die primêre dryfvere van die TO geword.

### 3.2.4 N. Mansvelt en *Wet 8 van 1892*

N. Mansvelt het S.J. du Toit in 1891 as superintendent van Onderwys opgevolg. Mansvelt bou voort op die algemene beginsels van CNO soos vasgelê deur Du Toit. Weer eens word enkele be= palings, ook van *Wet 8 van 1892*, wat deur Mansvelt opgestel is, hier gegee en bespreek, want hierdie wet het die praktiese uit= voering van die CNO-beginsels moontlik gemaak (Barnard, 1979 : 80)

In *Wet 8 van 1892* se Afdeling "Algemene Bepalingen" (Barnard, 1974 : 75-101) bepaal —

* Artikel I nog steeds dat dit die primêre taak van die ouers is om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders;

* Artikel I(b) dat die Staat toesien (deur "schoolopzicht") dat "voor zoover zij zich geroepen acht er voor te waken,

dat hare toekomstige burgers de vereischte Protestantsch-Christelijke opvoeding ontvangen" (op. cit. : 77) en dat die on=derwys in sy geheel in 'n Christelike gees gegee moet word.

In die Afdeling "Bijzondere Bepalingen ..." bepaal —

* Artikel 24 dat "alle onderwijs moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in vreem=den talen is het den onderwijzer geoorloofd, zich van de taal te bedienen, welke hij onderwijst" (Barnard, 1974 : 91).

* Artikel 27 dat "Alle leerboeken moeten in de Hollandsche taal geschreven zijn, behalve die, welke bij het onderwijs in eene vreemde taal gebruikt worden" (op. cit. : 93).

Ook uit hierdie wet blyk die prinsipiële grondslae van Christe=like onderwys, ouerbetrokkenheid, moedertaalonderrig en nasionale onderwys duidelik. Die onderwys moes nie net Christelik wees nie, maar die woord "Protestantsch" word spesifiek bygevoeg, sodat die onderwys van vreemde ideologieë (byvoorbeeld die Jood=se benadering waarby Christus as Verlosser uitgesluit is) uit die skole geweer kon word. Die nasionale faset van onderwys word gewaarborg deur moedertaalonderrig, asook deur die insluit van vaderlandse geskiedenis in die kurrikulum.

Afgesien van die feit dat Mansvelt 'n onderwyswet opgestel het wat die Afrikanervolk van die Zuid-Afrikaansche Republiek prinsipieel tevrede gestel het, het hy ook praktiese reëlings getref om on=derwysomstandighede in die algemeen te verbeter. So het *Wet 14 van 1896* onder andere bepaal dat die regering jaarliks 'n som

geld sou voorsien ter bestryding van die reiskoste van onder=wysers vanaf die buiteland. As gevolg van hierdie reëling was daar teen 1899 reeds ongeveer 300 Hollandse onderwysers in Transvaal werksaam. Hierdie onderwysers het 'n teenvoeter teen verengelsing help vorm, hulle het die CNO-gedagte onderskryf, die Hollandse inspekteurs het die onderwysstandaard verhoog, terwyl hulle 'n belangrike bydrae gelewer het in die rol wat die *Vriendenkring* na 1900 gespeel het. Die *Vriendenkring* het ge=durende en na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) finansiële hulp en morele steun verleen aan noodlydende Hollandse en Afri=kaanse onderwysers en hulle gesinne*. Die *Vriendenkring* het na 1900 ook gehelp met die stigting van CNO-skole en met die vesti=ging van 'n Christelik-nasionale grondslag vir die Afrikaneronder=wys (Labuschagne, 1977 : 256-260).

Die onderwys van die Zuid-Afrikaansche Republiek onder leiding van Mansvelt het 'n bloeitydperk beleef, sy administrasie was gesond en bowendien het hy die CNO-beginsels laat realiseer.

### 3.2.5 Evaluering

Du Toit en Mansvelt het 'n onderwysstruktuur gevestig en uitgebou wat eie was aan die Afrikanervolk en waarmee hulle grotendeels tevrede was. Teen 1893 was die algemene onderwysom=standighede gunstig vir die stigting van 'n onderwysersvereniging in Transvaal, want daar was 'n kerngesonde onderwysstelsel, ge=

---

*Dit word nie vir die doeleindes van hierdie verhandeling nodig geag om die volle besonderhede in verband met die bydraes van die Hollander-onderwysers hier te gee nie. Vir volledige inlig=ting in hierdie verband kan die M.Ed.-verhandeling van R.J. La=buschagne, 1977, geraadpleeg word.

noeg Christelik-nasionaal-georiënteerde onderwysers en 'n Afri= kanerjeug wat Christelike opvoedende onderwys verlang het.

## 3.3 Die ontstaan van die VVOOZA

### 3.3.1 Voorbereidende werk

Die onderwysers van Transvaal het die behoefte aan 'n eie onderwysersvereniging begin aanvoel, want gesamentlike besinning, beplanning en professionele samespraak op 'n georganiseerde basis het dringend noodsaaklik geword.

R.D. Collins, destyds een van die oudste en mees ervare onder= wysers in Transvaal (hy was hoof van die Ebenhaëzer School in Pretoria), het die voortou geneem met die voorbereidende werk in verband met die stigting van 'n onderwysersvereniging. Hy het eers sy skoolbestuur, waaronder ds. H.S. Bosman, genl. P. Joubert en C. Ziervogel, wat so 'n aksie sterk aanbeveel, geraadpleeg.

Collins het ook daarna van die vooraanstaande onderwysers en on= derwyseresse van Pretoria, waaronder W. Marren, O. Boersma en N. Tromp, by sy huis byeengekry en hulle het daar besluit om in April 1893 'n onderwyserskonferensie in Pretoria te hou waarheen alle onderwysers en onderwyseresse van die Zuid-Afrikaansche Republiek deur middel van uitnodigingsirkulêres genooi sou word (Collins, 1918 : 1).

Hierdie beoogde onderwyserskonferensie is ook sterk ondersteun deur Mansvelt, wat sy volle samewerking beloof het; trouens, Collins (ibid.) meld self: "De sympathieke houding van dr. Mansvelt behoort door ons dus in dankbare herinnering te worden

gehouden".

### 3.3.2 Die stigting van die VVOOZA

Die eerste konferensie van Transvaalse onderwysers en onderwyseresse het op 4, 5 en 6 April 1893 in Pretoria in die Presbiteriaanse Kerksaal in Schoemanstraat plaasgevind. Hier was ongeveer 80 onderwysers en onderwyseresse teenwoordig. Collins het as voorsitter waargeneem en sy besielende openings=rede was 'n pleidooi vir eendrag, samewerking met die Departement van Onderwys en besadigdheid in die beraadslagings oor belang=rike onderwyssake. Die belangrikste doelstellings van hierdie eerste konferensie was om opvoedende onderwys in Transvaal, met die samewerking van die Superintendent van Onderwys, te bevorder en veral om volksonderwys te help verbeter en uit te brei. Ook die superintendent van Onderwys, dr. N.J. Mansvelt, asook gene=raal P. Joubert was teenwoordig en Mansvelt het die vergadering toegespreek. Mansvelt se simpatieke woorde van bemoediging en sy oproep tot selfrespek en trots was vir alle konferensiegangers inspirerend (Collins, 1918 : 5).

Enkele belangrike besluite wat op hierdie konferensie geneem is, is die volgende (Van Wyk, 1938(2) : 20):

* O. Boersma, gesekondeer deur Murray, stel voor dat 'n Vereeniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen uit de Zuid-Afrikaansche Republiek in samewerking met die De=partement van Onderwys gestig moet word.

* Verskillende afdelings, met elk sy eie distrikte, moet tot stand gebring word.

Die tweede groot konferensie van onderwysers en onderwyseresse in Transvaal, het op 26 - 29 Maart 1894 op dieselfde plek plaas=gevind as die eerste konferensie. Ook hier was ongeveer 80 konferensiegangers teenwoordig, waaronder die staatspresident, S.J.P. Kruger. Hy was ook een van die sprekers. Ook hierdie twee=de konferensie is deur Collins as voorsitter gelei, terwyl T.C. Stoffberg vise-voorsitter, en N. Tromp en O. Boersma eerste en tweede sekretarisse onderskeidelik was (Van Bruggen, 1918 : 10).

Die Staatspresident het op 27 Maart gedurende die oggendsitting die openingsrede gelewer, waarin hy onder meer beweer het: "We kunnen niet alleen de vrijheid willen liefhebben, zonder de taal en den Bybel tevens te beminnen ... Met het verlies der taal worden de Godsdienst en zeden in gevaar gebracht" (Van Wyk, 1938 (2) : 21). Die CNO-beginsels, naamlik Skrifgebondenheid, volks=vryheid en taalhandhawing, word duidelik in hierdie woorde van die President herken.

Op 27 en 28 Maart 1894 is belangrike besluite, wat neerkom op die amptelike stigting van die VVOOZA, geneem. Die volgende drie artikels is as permanente ("onveranderlike") artikels in die Grondwet deur O. Boersma, gesekondeer deur H. Visscher, voorge=stel (Van Bruggen, 1918 : 11):

* Artikel 2. Grondslag:
  "Als een Vereniging van pedagogen erkennende, dat in de Heilige Schrift de diepste verborgenheden omtrent het wezen en de bestemming van de mens zijn geopenbaard, neemt zij Gods Woord als haar Grondslag aan".

* Artikel 3. Grondbeginsels:

  "(a) Onderwijs en Opvoeding zijn onafscheidbaar. (b) De opvoeding moet Kristelik en Nationaal zijn".

* Artikel 4. Doel:

  "Haar doel is die bevordering van een Kristelike en Natio= nale opvoeding in en door de school".

Die woorde Christelik en veral nasionaal het reeds op hierdie konferensie 'n interessante diskussie ontlok. Sommige van die vergaderdes het betoog dat die insluiting van dié twee woorde nie nodig was nie, want dergelike woorde het dan nie in die grond= wette van die reeds bestaande onderwysersverenigings van die Oranje-Vrystaat en die Kaapkolonie voorgekom nie. Ander konfe= rensiegangers het 'n omskrywing van die woord "Nationaal" verlang, wat dan ook deur J.L. Moerdijk, ondersteun deur J. Vegter en J. van Bruggen, gegee is as beduidende op "de wordingshistorie en de eenheid van het volk in taal en afstamming" (Van Bruggen, 1918 : 12).

Die feit dat albei woorde eindelik aanvaar is, dui daarop dat die meerderheid van die vergaderdes standpunt ingeneem het teen 'n gees van neutraliteit en materialisme. Dit was van die begin van die funksionering van die VVOOZA af duidelik dat hy helder uitgestippelde vertrekpunt gehad het wat vir hom rigtinggewend was.

Die middele waardeur die doel verwesenlik moes word, is die vol= gende:

* Vriendskaplike verkeer tussen onderwysers deur hulle

samekomste;

* die georganiseerde behartiging van die onderwysers se belange;

* die gereelde wisseling van gedagtes oor opvoeding en onderwys; en

* die verbreiding van die Christelike denkrigtings oor op=voeding en onderwys deur onder andere die uitgee van ge=skrifte hieroor (Coetzee, 1968 : 165).

Die naam van die vereniging is op 28 Maart 1894 bepaal as De Vereniging van Onderwijzers en Onderwijzeressen in de Zuid-Afrikaansche Republiek en ongeveer 50 lede het toegetree deur hulle ondertekening van die eerste grondwet (Van Bruggen, 1918 : 13).

Dat die Transvaalse onderwysers van die begin van hulle vereni=ging se funksionering af goeie samewerking met die Onderwysde=partement voorgestaan het, blyk uit die besluit dat die superin=tendent van Onderwys, die sekretaris van die Departement van Onderwys en die inspekteurs van Skole *ex-officio* sittingsreg op die verenigings se vergaderings sou hê. Hulle het ook die reg ontvang om die vergadering oor enige onderwerp toe te spreek.

Die voertaal van die vergaderings sou Hollands (bedoelende des=tydse Afrikaans) wees en die notules sou eweneens eentalig (Hollands) wees. Sprekers sou egter gedurende besprekingstye van ander tale gebruik kon maak (Coetzee, 1968 : 165).

3.3.3 Evaluering

Die stigting van die VVOOZA het op 'n goed-georganiseerde wyse plaasgevind. Die feit dat president S.J.P. Kruger ook 'n bydrae op die stigtingsvergadering gelewer het, dui daarop dat hierdie vereniging van meet af aan breër as bloot net aan sy on=derwysbelange gedink het, want sodoende het hy onmiddellik die ganse Afrikanervolk deur middel van hulle staatspresident betrek.

Die doelstellings en werkwyse van die VVOOZA was ingebed in die Christelik-nasionale lewensopvatting van die Afrikanervolk en hierdie motiewe en operasionalisering sou wesenlik die bestaan, ontwikkeling en funksionering van die latere Transvaalse Onderwy=sersvereniging kenmerk (vgl. Par. 3.4 en verder).

3.4 Die tydperk direk voor die Tweede Vryheidsoorlog (1894-1899)

Gedurende hierdie tydperk kon die VVOOZA gereeld vergader en in Mei 1895 het die eerste uitgawe van sy amptelike mondstuk, *Het Christelijk Schoolblad* verskyn. Die belangrike rol wat hier=die blad gespeel het, bring Van Bruggen (1918 : 15) tot die ge=volgtrekking dat hierdie blad "de pleitbezorger onzer beginselen, de verdediger en strijder voor onze billike rechten, onze ver=wachtingen, onze behoeften (was); ons mondstuk tot verweer en aanval als't moest zijn en ook onze welkome huisvriend voor vele jaren".

Gedurende daardie tyd was daar algemene tevredenheid by die Afri=kanerouers oor die opvoedende onderwys van hulle kinders in die skole, want die taal, geskiedenis, godsdiens en tradisies van die

ouers het ten volle tot hule reg gekom* (Arnold, 1954 : 19).

ŉ Volksvreemde element, naamlik die groot getalle uitlanders wat die Republiek binnegekom het as gevolg van die Witwatersrandse goud, het daartoe bygedra dat die VVOOZA met verskerpte pogings sy beginsels verkondig en uitgeleef het. ŉ Volksvreemde gees van liberalisme onder die uitlanders, gepaardgaande met toenemende Engelse druk (vgl. die Jameson-inval) het die Afrikaners laat kon= solideer op verskeie terreine, waarvan die VVOOZA ŉ belangrike vesting was. Steeds het die Afrikanerouers die sekerheid beleef dat hulle kinders se opvoedende onderwys in veilige hande was, ten spyte van die totstandkoming van die vrye Engelse skole met hulle eie "Onderwysdepartement", naamlik die Council of Education on the Witwatersrand, met John Robinson as hulle direkteur van Onderwys (Barnard, 1979 : 89).

In Junie 1899 is ŉ vyfde en laaste Konferensie van die vereniging gehou, waarna die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) alle verdere aktiwiteite van die VVOOZA tydelik onderbreek het (Coetzee, 1968 : 165).

## 3.5 Die VVOOZA gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)

Die ontwrigtende omstandighede wat die Tweede Vryheidsoorlog tot gevolg gehad het, het meegebring dat die onderwysstelsels van die twee Boererepublieke (die Suid-Afrikaanse Republiek en die Republiek van die Oranje-Vrystaat) opgehou het om te bestaan.

---

*Vergelyk Par. 3.2.3 en Par. 3.2.4 wat oor die Wette van Du Toit en Mansvelt handel.

Sommige onderwysers wat nie self aan gevegte deelgeneem het nie, soos byvoorbeeld H.A. Hesse, L. Meyer, B. Spoelstra, W.J. Hamman, D.J. Rossouw en P. Lombard het egter voortgegaan met hulle Chris= telik-nasionale onderwyspogings in die kampskool van die konsen= trasiekamp te Klerksdorp. Dusdanige kampskole is aan die gang gehou deur die ondersteuning van die Boerevrouens wat hulle kin= ders vir opvoedende onderwys daarheen gestuur het. In watter mate daardie werk van VVOOZA-lede geslaagd en betekenisvol was, blyk duidelik uit wat Hesse (1918 : 162-163) self daaroor skryf, naam= lik "Kollega's uit die zware verdrukkingstijd, die deze regelen lezen, zullen met my getuigen van het heerlijk gezegen werk, dat wij hebben mogen verrichten onder de jeugd van ons verdrukt volk en met trots zien wij terug op onze nederige, doch gezegende ar= beid". Die sogenaamde privaatskool op Klerksdorp het selfs ge= floreer, want in 'n stadium was daar ongeveer 1 000 leerlinge en 20 onderwysers en dié skool het op 'n eg-Afrikaanse wyse volgens die Afrikanertradisie gefunksioneer (Arnold, 1954 : 18).

Dog nie net hier te lande het die lede van die VVOOZA hul roeping vervul nie, maar ook in die krygsgevangenekamp te Bermuda het onderwysers soos Hollebrands, Jansen van Ryssen en Wüst Christelik-nasionale onderwys gegee. Op Ceylon het Van Oostrum en Steyn en op St. Helena Te Boekhorst en Scholtemeyer voortgegaan met op= voedende onderwys onder die krygsgevangenes (Van Wyk, 1939(3) : 16).

In Pretoria het die *Vriendenkring* tot stand gekom. Die oogmerke van hierdie Hollands-georiënteerde beweging was om:

* inligting aan Nederland in verband met die noodomstandig=

hede waaronder die Hollands-Afrikaanse onderwysers moes werk en lewe gedurende die oorlog, te verskaf;

* fondse met die hulp van die heer H.J. Emous van Amsterdam vanuit Nederland te verkry;
* met dié fondse die familiebetrekkinge van onderwysers wat in die oorlog geveg het of as gevolg van die oorlogsom= standighede broodsgebrek gehad het, te ondersteun; en om
* gawes en rentevrye voorskotte aan hulpbehoewende onderwy= sers te voorsien.

Groot somme geld is ingevorder deur middel van "publieke kollektes en ook de armste gaf gaanre zijn cent of halve stuiver om toch ook iets te doen voor de stamverwanten in Zuid-Afrika" (Visscher, 1918 : 155). Hierdie geld is nie net aangewend ter finansiële ondersteuning van die onderwysers nie, maar ook om CNO aan die gang te hou.

## 3.6 Die rol van die VVOOZA gedurende die tydperk van heropbou onmiddellik na die Tweede Vryheidsoorlog (1903-1907)

### 3.6.1 Inleiding

Na die Tweede Vryheidsoorlog het die VVOOZA vir die eerste keer weer op 31 Desember 1903 in die Oosteindskool te Pretoria vergader. Hier was slegs 17 onderwysers bymekaar en W. Klooster is tot nuwe voorsitter verkies. Aanvanklik was die VVOOZA in groot finansiële nood, gevolglik kon die amptelike mondstuk, naam= lik *Het Christelijk Schoolblad* eers weer op 1 November 1904 ver=

skyn. Mettertyd het die onderwysers weer hulle kragte saamge=snoer, en veral te velde getrek teen die verengelsingsbeleid van Sargant (Klooster, 1918 : 27-28). Die VVOOZA het hom ook ten volle vereenselwig met die werksaamhede en beginsels van die CNO-beweging en -skole.

### 3.6.2 Milner en Sargant se liberalistiese en imperialistiese beleid

Reeds in November 1900 is E.B. Sargant aangestel as onderwys=raadgewer en hy het spoedig in al die konsentrasiekampe skole op=gerig waar gratis onderwys gegee is. Hy en lord Viscount Milner het met hierdie skole nie slegs die voorkoming van leeglêery van kinders beoog nie, maar ook om hulle te verengels. Vaderlandse geskiedenis is nie aangebied nie, terwyl onderrig deur medium van die moedertaal verbied is. Die meeste privaatskole in die kon=sentrasiekampe het met Sargant se kampskole verenig, omdat die Afrikanerouers ontwrig, arm en sonder onderwysers was (Arnold, 1954 : 18-20).

Na die Vrede van Vereeniging in 1902 het lord Milner vir Sargant aangestel as Direkteur van Onderwys oor die verowerde gebiede, naamlik oor die eertydse Suid-Afrikaanse Republiek en die Repu=bliek van die Oranje-Vrystaat. Sargant het hom, na hierdie aan=stelling, daarop toegelê om die Britse imperiale gedagtes by die Afrikanerkinders ingang te laat vind, terwyl CNO geheel en al in die ban gedoen is. Hy het Engelse onderwysers ingevoer om hierdie beleid van hom in die skole deur te voer. Teen 1903 was daar reeds 475 ingevoerde Engelse onderwysers werksaam in sy departe=ment (Nienaber en Nienaber, 1967 : 39).

Die VVOOZA het nie genoeë geneem met die beleid van Sargant nie. Sy uitskakeling van moedertaalonderrig en die stelsel van liberale, nie-sektariese, nie-verpligte staatskole was wesenlik in stryd met die beginsels van die Vereniging. Die vertrek van Sargant terug Engeland toe in 1905 het die volgende reaksie van die redak= teur van *Het Christelijk Schoolblad* (Anon., 1905 : 2) uitgelok: "In elk geval, we zijn dit opvoedkundig orakel nu kwijt. Het kosste per jaar £1500. De heer Sargant is heengegaan, zonder be= geerd te zijn".

### 3.6.3 Die VVOOZA se bydrae tot die Christelik-nasionale Onderwys= beweging

Christelik-nasionale onderwysskole was 'n herlewing van die voor= oorlogse onderwys wat gegee moes word in "Protestantsch Christelijk geest". Dit was dus onderwys na die hart van die volk, wat reke= ning gehou het met die volkstradisie, godsdiens en geskiedenis. Dit was inderdaad 'n voortsetting van Du Toit en Mansvelt se onder= wysstelsel (Visscher, 1918 : 151).

Aangesien die Afrikaner sy identiteit wou behou en ongeneë was om sy kinders na vreemde goewermentskole met Engels as voertaal te stuur, is CNO-skole tot in die verste uithoeke van Transvaal gestig. Barnard (1979 : 111) gee die volgende tabel, wat 'n aan= duiding is van die ontwikkeling van die CNO-skole gedurende die jare 1903 tot 1905:

Tabel 3.1 Die uitbreiding van CNO-skoolstelsel, 1903-1905

| Jaar | Aantal skole | Aantal onderwysers | Aantal leerlinge |
|---|---|---|---|
| 1903 | 151 | 215 | 5 328 |
| 1904 | 172 | 289 | 6 958 |
| 1905 | 228 | 419 | 9 335 |

Die feit dat die getalle onderwysers en leerlinge van die CNO-skole binne twee jaar bykans verdubbel het, kan toegeskryf word aan onder andere die volgende twee faktore:

* Die verslane Afrikanervolk het hulle gaandeweg weer geves=tig op hul plase en dorpe, en hulle kinders moes weer op=voedende onderwys in skole ontvang.

* Die beleid van Sargant het meegebring dat al meer ouers hulle kinders weggeneem het uit die Regeringskole en na die CNO-skole toe gestuur het.

Die gesentraliseerde onderwysstelsel van die Britte was vir die Afrikaners onaanvaarbaar, gevolglik het hulle 'n stryd aangeknoop om veral ook ouerseggenskap in die onderwys herstel te kry. Die direkte seggenskap van die ouers in die stigting van die CNO-skole en hulle direkte verantwoordelikheid by sowel die aanstelling van onderwysers as by die bepaling van die gees en rigting van op=voedende onderwys, was van die resultate van hierdie stryd (Pienaar, 1967 : 63-65).

Die VVOOZA het hom aan die kant van die Afrikanerouer geskaar en deur middel van *Het Christelijk Schoolblad* sy standpunt duidelik gestel. In *Het CHristelijk Schoolblad* van 1 November 1904 (p.1)

skryf die redakteur — "Onze leus was en is, naar de beginselen

1 't Recht der opvoeding is in de eerste plaats aan de ouders; en

2 Getrouw aan taal, godsdienst en historie der vaderen; daarbij rekening houdende met de veranderde omstandigheden, waaronder wij thans leven".

Die VVOOZA het hom ook direk tot die Afrikanerouer gerig deur mid= del van sy lede en mondstuk. 'n Artikel van Visscher (1904 : 2) in *Het Christelijk Schoolblad* het die ouers aangespoor tot die handhawing en uitbou van CNO. Hy het hulle gekonfronteer met hulle Christelike, Skrifgefundeerde roeping as primêre opvoeders van hulle verbondskinders wat moes toesien dat hulle kinders dien= ooreenkomstig opgevoed en onderwys sou word in die skole.

'n Gebrek aan die nodige fondse, asook die aanstelling van 'n meer gematigde goewerneur, naamlik lord W.W.P. Selborne, het meegewerk tot die agteruitgang van die CNO-skole. Die verarmde Afrikaner= volk kon eenvoudig nie die hoë kostes wat aan die instandhouding van die CNO-skole verbonde was, dra nie, terwyl die hulp van oor= sese vriende (soos die Vriendenkring) ook nie vir altyd kon aanhou nie (Arnold, 1954 : 28).

Baie van die Afrikanerleiers het ook nie meer besware gehad teen 'n *neutrale* onderwysstelsel — die rigting wat die Engelse regering mettertyd ingeslaan het — nie. In watter mate die VVOOZA gedu= rende die oorskakeling van baie onderwysers na die regeringskole 'n rol gespeel het, sal in Paragrawe 3.6.5 en 3.6.6 aangetoon word, want dit hang nóú saam met die leiding wat daar van Selborne en

Smuts uitgegaan het.

Die waarde van die CNO-skole, selfs nadat hulle opgehou het om te bestaan, lê daarin dat die CNO-beginsel bly voortleef het in die harte van die Afrikaners, want die Christen-Afrikaner-onderwysers van daardie jare direk na die Tweede Vryheidsoorlog het die vaste fondament gelê.

### 3.6.4 Die VVOOZA huldig die nagedagtenis van president S.J.P. Kruger

Na die oorlye van president S.J.P. Kruger het die VVOOZA hulde aan hom gebring deur middel van *Het Christelijk Schoolblad* (Anon., 1904(b) : 1). In watter mate die volk in rou gedompel was, blyk uit die huldeblyk wat gerig is aan die adres van die oorledene: "Bergen weerkaatsen de droeve mare, wind en golwen dragen haar op vleugelen voort, en in het open veld bringt eerbiedig de oprechte Afrikaner het ontbloote hoofd en stort een droefen, gevoelvollen traan, als stille hulde aan den Man, wien wij als een Vader eerden, en in wien zoo ontzettend veel ons verweesde volk ontviel".

Waar president Kruger by die stigtingsvergadering van die VVOOZA sulke besielende woorde tot die Afrikaneronderwysers van Trans= vaal gerig het ( vgl. Par. 3.3.2), kom hierdie huldeblyk, heel gepas, van dieselfde onderwyserskorp wat van hom soveel inspirasie ontvang het. Die betrokkenheid van die VVOOZA by hierdie groot volksverlies dui daarop dat dié vereniging onlosmaakbaar deel ge= vorm het van die Afrikanervolk in sy belewing van smart, maar ook in sy strewe na vryheid en onafhanklikheid.

### 3.6.5 Die Selborne-memorandum en die VVOOZA se reaksie daarop

Gedurende 1905 het die nuwe regering wat in Engeland aan bewind gekom het, naamlik die Liberale Party, beoog om verant=woordelike bestuur aan die nuwe kolonies toe te ken. Lord Selborne, wat lord Milner as goewerneur van die Suid-Afrikaanse kolonies op=gevolg het, was 'n meer gematigde en versiende man. Die Selborne-memorandum van 17 November 1905 was ook van so 'n aard dat dit die opstandigheid wat die Milner-Sargant-onderwysbeleid by die Afri=kanerouers teweeggebring het, getemper het. Die Afrikanerouers was egter nog nie tevrede nie, want ouerinspraak was nog beperk en onderhewig aan die beheer van die Onderwysdepartement (Barnard, 1979 : 108).

Op 12 en 13 Desember 1905 het vyf van die VVOOZA se verteenwoor=digers 'n CNO-kongres bygewoon waar die Selborne-memorandum be=spreek is. Hierdie kongres het 'n voorstel aanvaar waarin hulle hulle misnoeë laat blyk het dat hierdie memorandum nog nie genoeg regte aan die ouers toegestaan het nie, terwyl Hollands nog as vreemde taal behandel sou word (Klooster, 1918 : 30).

Hoewel die onderwysers en ouers nog nie tevrede was met die Engelse onderwysstelsel nie, kon hulle vanweë geldgebrek nie vol=hou met die CNO-poging nie, en die verdere verloop van onderwys=beheer onder leiding van J.C. Smuts het die CNO-skole 'n finale knou gegee.

### 3.6.6 *Wet 25 van 1907* en die VVOOZA se houding daarteenoor

In Desember 1906 is selfbestuur aan die Transvaalkolonie toegestaan. Vroeg in 1907 is generaal J.C. Smuts benoem tot

Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys. Hy het dadelik uitgebreide reise deur Transvaal onderneem en die Afrikaners toe= gespreek. Hy het hulle daarvan verseker dat die regeringskole alles kon bied wat in die CNO-beweging beliggaam was (Arnold, 1954 : 29).

Op 10 April 1907 het Smuts sy beoogde onderwyswet by 'n CNO-kon= gres uiteengesit. Hy het onomwonde gemeld dat die CNO-skole nie op geldelike steun van die staat sou kon reken nie, maar het die kongresgangers daarvan verseker dat daar in die nuwe wet voor= siening gemaak sou word vir die onderrig van die Hollandse taal en vir die onderrig van nie-sektariese godsdiens (Barnard, 1979 : 118).

Die standpunt wat die VVOOZA ingeneem het oor die beoogde wet van Smuts, was aanvanklik gematigd-positief, want die onderwysers= korps van Transvaal het baie vertroue in hierdie eertydse Boere= generaal van hulle gehad. Die VVOOZA het deur middel van sy amptelike spreekbuis verklaar dat "wij als onderwijzers en bur= gers van 't land, die de CNO kwestie van a tot z mee hebben door= gemaakt, zullen ons een eer rekenen hem te helpen; we verwachten, dat't stelsel, dat aanstonds als't Smutsstelsel bekend zal wor= den, zich zal kenmerken door rechtvaardigheid, dat het zal ge= richt zijn op de tijdelijke en eeuwige belangen van't Afrikaanse kind, dat het rekening zal houden met de belangen van de onderwij= zer" (Anon., 1907 : 1).

Smuts moes 'n standpunt inneem wat beide Blanke groepe, naamlik die Afrikaans- en die Engelssprekende Transvalers, tevrede sou stel.*

---

*Later in die geskiedenis van Suid-Afrika het dit geblyk dat nie een van die twee groepe werklik tevrede was nie.

Die weldeurdagte *Wet 25 van 1907* (Smutsonderwyswet) is sonder teen=stem aanvaar. Hierdie wet was 'n voortbouing op die beginsels van *Onderwysordonnansie 7 van 1903** en die Selborne-memorandum wat beide 'n neutrale staatsonderwysstelsel beoog het. In hierdie wet is onderwys gesentraliseer, want die openbare onderwys is onder sentrale staatsbeheer geplaas, naamlik onder 'n departement van Onderwys met 'n direkteur van Onderwys aan die hoof. Die CNO-beginsel wat die ouers in die tyd van Mansvelt en Du Toit die reg verleen het om die gees en rigting van die skool te bepaal en om onderwysers vir hulle kinders aan te stel, is verwerp (Barnard, 1979 : 117).

Hoewel dié wet 'n verbetering van die voertaalvraagstuk gebring het (in die laer standerds moes deur middel van die moedertaal on=derrig word, maar na die derde standerd moes Engels die medium van onderwys wees, behalwe in hoogstens twee vakke wat deur middel van Hollands aangebied kon word (Barnard, 1974 : 151-153)), was dit nog nie in ooreenstemming met die ideaal nie, want prakties het dit beteken dat alle kinders Hollands kôn leer, maar verplig was om Engels te leer.

Hoofstuk VII, Artikel 34 van die wet handel oor die bepalinge in verband met godsdiensonderwys en die vrystelling daarvan. Elke skooldag moes geopen word met Skriflesing en gebed, terwyl nie-verpligte onderrig in Bybelse geskiedenis gegee moes word, soge=naamd gesuiwer van enige leer of dogma.

Hoewel dit 'n volledig- en goedomskrewe wet was, het die praktiese

---

**Onderwysordonnansie 7 van 1903* was die skepping van Sargant, wat Milner se imperialistiese beleid gedien het.

implementering daarvan gou laat blyk dat die CNO-beginsels nie tot hulle reg gekom het nie. So byvoorbeeld het die bepaling dat geen leer of dogma eie aan 'n partikuliere belydenis in die op=voedende onderwys betrek mag word nie, meegebring dat 'n oorver=sigtigheid ontstaan het, want daar moes gewaak word daarteen om op die tone van sekere godsdienstige denkrigtings te trap (Du Plessis, 1974 : 228-229).

Met die toepassing van *Wet 25 van 1907* is daar vanaf 1907 pro=bleme ondervind deur veral die Calvinisties-gesinde lidmate van die drie Afrikaanse kerke, naamlik die Hervormde Kerk, die Neder=duits-Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerk. Hierdie lid=mate het hoër eise gestel en skerper lyne getrek, want mettertyd het die Calvinistiese lewensopvatting en -uitlewing onder die Afrikaners verswak. Tog konkludeer Bot (1938 : 6-7) dat "die ge=heim van 'n waarlik Christelik-nasionale volksplanting in Transvaal nie in 'n nuwe wetgewing (lê) nie, maar in die hande van die Christelik-nasionale onderwyser". Die VVOOZA (en later die TO) se taak was om die CNO-onderwysers saam te bind en te inspireer sodat hulle, binne die toepassing van die soepele Smutswet, hulle CNO-beginsels deur hulle opvoedende onderwys kon uitleef.

### 3.6.7 Evaluering

Na die Vrede van Vereeniging moes die verslae en verslane Afrikanervolk weer sy selfrespek herwin. Die Afrikaners was eko=nomies, maatskaplik en polities geruïneer en die Afrikanerleiers, waaronder veral die kerk- en onderwysleiers, moes daadwerklik help in die opbouproses.

Die rol wat die VVOOZA in dié verband gespeel het, was hoofsaaklik tweërlei van aard, naamlik inspirerend-motiverend en organisato=ries. Die VVOOZA-lede het CNO te midde van vreemde oorheersing help organiseer en dit toegepas. Hulle het ouers en kinders met die Afrikaner-ideale deur woord en daad besiel en selfs met die neutrale Smutswet die Christen-Afrikaner deur hulle Christelik-nasionale onderwys en opvoeding gedien.

## 3.7 Die werksaamhede van die VVOOZA gedurende die tydperk 1908-1923

Die feit dat daar in 1910 minder as tien CNO-skole oor was en die laaste een gedurende 1914-1915 gesluit is, het meegebring dat die VVOOZA se verantwoordelikheid soveel groter was om deur sy lede sy Christelik-nasionale grondslae in die opvoedende onderwys te laat deursuur.

Die VVOOZA het steeds en toenemend taalgelykheid beklemtoon. Twee van die lede (K. Bonsma en P.J. Kloppers) het byvoorbeeld in 1914 die stel leesboeke, naamlik "*De Bussy's Leesboek voor Suid-Afrika*", die lig laat sien (Van Wyk, 1939(1) : 27).

Die VVOOZA het hom verder besig gehou met die *nasionale* beginsel, want hy het help sorg dat Vaderlandse geskiedenis weer in die kur=rikulum van die skole ingesluit word. Die helfte van die tyd wat aan geskiedenis bestee moes word, het hulle voorgestel, moes aan Suid-Afrikaanse geskiedenis afgestaan word (Vaandrager, 1918 : 35).

Op 9 en 10 Desember 1910 het die Hoofbestuur van die VVOOZA die

Direkteur van Onderwys ontmoet in verband met die vak Bybelge= skiedenis. Hulle het daarin geslaag om die Direkteur te oorreed om ŉ sillabus vir Bybelgeskiedenis naas die neutrale sillabus erken te kry — as ŉ tussenmaatreël, totdat die neutrale sillabus totaal sou verdwyn.

Reeds gedurende hierdie tydperk het die VVOOZA by monde van sy voorsitter, dr. N.M. Hoogenhout, ŉ Suid-Afrikaanse onderwysstel= sel bepleit, gebaseer op algemene Suid-Afrikaanse belange, met inagneming daarvan dat onderwys en opvoeding in die eerste plek Christelik en in die tweede plek nasionaal moes wees.

Die vereniging het ook materiële diens aan sy lede gelewer, want ŉ verbeterde pensioenskema, waarvoor hy gepleit het, het deur middel van wetgewing in 1916 van krag geword. In 1915 is ook, na die beywering van die vereniging, bepaal dat ŉ onderwyser na vyf jare diens aanspraak kon maak op óf ses maande verlof teen half= salaris óf op drie maande verlof teen volle salaris (Vaandrager, 1918 : 39).

ŉ Hoogtepunt in die geskiedenis van dié vereniging was die 1918-herdenkingsfees toe die VVOOZA sy 25-jarige bestaan gevier het. ŉ *Gedenkboek* is uitgegee met baie waardevolle artikels oor die geskiedenis van die vereniging daarin. In watter mate die ver= eniging deurgaans daarna gestreef het om die Christelike grond= motief uit te leef, blyk onder andere uit die feit dat Totius (prof. dr. J.D. du Toit) die feesgangers, in opdrag van die Hoof= bestuur, toegespreek het oor "De Heilige Schrift als grondslag van ons Onderwijs" (Van Wyk, 1939(2) : 29). Betekenisvol is en= kele belangrike voorstelle wat op hierdie Kongres aanvaar is:

* Hollandssprekende ouers moes die reg hê om deur middel van hulle skoolkomitees self hulle onderwysers te kies en aan te stel uit 'n voorkeurlys wat deur die Departement van Onderwys verstrek sou word.

* Bogenoemde Hollandssprekende ouers moes die reg hê om self die godsdiens- en taalonderwys te reël en die gees en die rigting van hulle onderskeie skole te bepaal (Du Toit, 1961 : 282).

Steeds het die VVOOZA dus geveg vir die Christelik-nasionale on=derwys in Transvaal.

## 3.8 Enkele veranderinge in die administratief-organisatoriese struktuur van die Vereniging (1923-1932)

In 1923 is L.J. Erasmus benoem as die eerste voltyds algemene sekretaris van die VVOOZA. Dit het meegebring dat die vereniging administratief-organisatories baie meer effektief kon funksioneer, want hierdie sekretaris kon die vereniging met sy volle kragte dien. Die vrugte van sy arbeid was sigbaar in die vinnige toename in ledetal vanaf ongeveer 1 000 in 1923 tot ongeveer 3 000 in 1933 (Bot, 1968(b) : 191).

J.H. Greijbe (vanaf 1928 tot 1949 voorsitter van die vereniging) was in 1923 verantwoordelik vir die naamsverandering van die vereniging. Sedert 1923 staan die VVOOZA bekend as die Trans=vaalse Onderwysersvereniging (TO). Greijbe was die eerste TO-verteenwoordiger op die Federale Raad en in 1932 het hy die voor=sitter daarvan geword.

Die TO-verteenwoordigers het meer prominent begin optree en die Transvaalse onderwysers se belange op 'n wye vlak gedien. So was daar byvoorbeeld gedurende 1932 'n TO-verteenwoordiger in die per= soon van A.K. Bot op die Raad van die Pretoriase Tegniese Kollege, terwyl H.J. Hollenbach die onderwysers op die Pensioenraad verteen= woordig het. Die redakteur van *Die Kristelike Skoolblad*, W.J. du P. Erlank, is ook op die vyf-en-dertigste Algemene Jaarvergadering van die TO in April 1932 geloof vir sy onvermoeide ywer in diens van die TO (Anon., 1932 : 33).

## 3.9 Die Transvaalse Onderwysersvereniging se invloed gedurende die depressiejare en onmiddellik daarna (1932-1940)

### 3.9.1 Inleiding

Die Wêrelddepressie van 1929 tot 1933, na die sogenaamde "Swart Donderdag" in Oktober 1929, toe die aandelemark in New York ineengestort het, het ook sy noodlottige invloed op Suid-Afrika gehad. Dit was 'n tyd van finansiële druk, depressie, armoede en politieke onstabiliteit in Suid-Afrika. Talle bankrot= skappe het voorgekom, die ergste droogte wat Suid-Afrika tot in daardie stadium in die twintigste eeu beleef het, het die land geteister, terwyl die groot bek-en-klouseer-epidemie talle boere finansieel gebreek het. Suid-Afrika het met 'n armblankevraag= stuk van groot omvang gekonfronteer gesit, en boonop het die saamtrek van groot getalle Afrikaners in die stede ook maatskap= like probleme meegebring (Joubert, 1974 : 201-205).

Teen hierdie agtergrond moet die figurering en funksionering van die TO, wat ook van sy ontstaan af 'n kultuurtaak gehad het, gesien

word. Die TO moes nie net die moedelose en arm Afrikanerkinders en -ouers positief bystaan nie maar ook en veral die Afrikaner=onderwyser.

### 3.9.2 Die TO en die armblankevraagstuk

Dat die TO hom ernstig besig gehou het met die probleme van die armblankes, blyk duidelik uit verskeie artikels in *Die Kristelike Skoolblad* en ook uit notules van sy jaarvergaderings.

Op die vyf-en-dertigste Algemene Jaarvergadering van die TO in 1932 het De Villiers-Roos (1932 : 43), gewese Ouditeur-Generaal van die Unie, die afgevaardigdes in opdrag van die Hoofbestuur van die TO toegespreek oor *Spaarsaamheid en Voorsorg.* Betekenis=vol is die raad wat hy aan die onderwysers gegee het, sodat hulle dit via die kinders moes oordra aan die verarmde Afrikanervolk. Hy het naamlik die volgende reëls uitgestippel:

"1. Voorbedagsaamheid en Voorsorg is die *Sine qua non* van spaarsaamheid en die eerste groot reël daarvan.

2. Daaruit vloei as vanself selfverloëning en pligsbetrag=ting, die twee grote karaktervormers van die mensdom.

3. Dan volg daarop as ander groot reëls:- Die vermy van Nalatigheid en van alle verkwisting of vermorsing.

4. Die koestering van 'n heilige vrees vir Skuld maak.

5. Die besparing van tyd.

6. Die gesond hou van jou liggaam.

7. Die eerbiediging van eiendom, jou eie, die van ander en van die Staat en Publiek.

8. Laastelik die Besparing en Belegging van geld".

Hierdie reëls van De Villiers-Roos het nie net op die regte tyd gekom nie maar is ook 'n voortbouing op die beginselgrondslae van die vereniging, naamlik volksdiens deur Christen-gelowiges.

In 1939 het Andrews (1939 : 17-18) 'n wetenskaplike ondersoek van die armblankevraagstuk bepleit en hy het daarop gewys dat geen kind die skool behoort te verlaat alvorens hy oor die toerusting beskik om hom ekonomies te handhaaf nie. Inisiatief, deursettings=vermoë en oorleg, benewens skoolgeleerdheid, was nodig vir die Afrikaner se ontworsteling aan die armoede.

### 3.9.3 Die dienslewering van die TO aan sy lede gedurende dié moeilike jare

Die TO het egter ook sy eie lede gedien in dié sin dat hy steeds gepleit het vir verbeterde diensvoorwaardes en salarisse. So is die jaar 1936 byvoorbeeld gekenmerk deur goeie resultate op die arbeid van die TO, want die sogenaamde 5 persent-salarisvermin=dering van onderwysers is herstel, verlofvoorwaardes van die on=derwysers is verbeter en meer geld is beskikbaar gestel vir boeke en hulpmiddels, soos byvoorbeeld die radio (Anon., 1936 : 23).

Die redakteur van *Die Christelike Skoolblad* (op. cit. : 7) het die TO-lede se aandag daarop gevestig dat "as ons waak vir ons kultuur, moet ons ook waak vir die welsyn van die kultuurdraer. Hierdie gebalanseerde kombinasie van die ideële en die materiële in die strewe van die TO, is die kern van sy kannie-dood en die groei=krag wat hom altyd groter laat word het". Die TO het dus in hierdie tyd van nood steeds doelgerig leiding gegee aan alle

Christen-Afrikaners, waaronder die kinders, ouers en onderwysers van Transvaal.

### 3.9.4 Die Voortrekkereeufees (1938) en die TO se betrokkenheid daarby

Die bevordering van vaderlandse geskiedenis het deurgaans deel gevorm van die werksaamhede van die TO. Die geskiedenis van Suid-Afrika moes, volgens die TO, vanuit 'n nasionale standpunt aange=bied word — waarmee bedoel word dat liefde vir die volkseie sterk moet figureer in die aanbieding van die vak. Gedurende daardie moeilike jare het die Afrikanerkind veral behoefte gehad aan doelgerigte geskiedenisonderrig wat daartoe moes bydra om aan hulle 'n selftrots en 'n eiewaarde te gee. Die redakteur van die TO se lyfblad stel dit eksplisiet so dat "die verlede, volgens hierdie sienswyse, in al sy volheid, met sy motiewe, ideale, emo=sies en dade suiwer gerekonstrueer (moet) word, dit moet so vir die kind verlewendig word dat hy dit aanvoel as 'n stuk van hom=self en daardeur geïnspireer en gekontroleer word in sy dade. Dit moet vir die kind 'n volmenslike, aktuele gebeure wees wat homself in sy wese tref" (Anon., 1938 : 5-6).

'n Geleentheid waarby die TO sy standpunt in verband met die Suid-Afrikaanse geskiedenis kon materialiseer, was die Voortrekkereeu=fees van 1938. Die TO het sy bydrae gelewer, want hy het nie net moontlike wyses van feesvieringe deur middel van *Die Christelike Skoolblad* (April 1938) bekend gestel nie, maar hy het sy lede so geïnspireer dat daar in alle Afrikaanse skole prominente aandag aan die Voortrekkergeskiedenis gegee is. Die beroemde Ossewatrek, waaraan baie kinders en onderwysers ook deelgeneem het, het 'n

realistiese atmosfeer geskep wat op alle Afrikaners 'n diep indruk gemaak het. Die feestelike byeenkoms by die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria is onder andere deur Afrika= neronderwysers gereël en deur hulle en hulle leerlinge en ouers in duisendtalle bygewoon (Bot, 1943(b) : 65).

Die TO se meelewing en deelname aan dié grootse gebeurtenis be= vestig die stelling dat die TO gedurende die moeilikste wordings= jare van die Afrikanervolk sy mees betekenisvolle bydrae tot die hernuwing van volkstrots en volksrespek by die Afrikaner gelewer het.

## 3.10 Die tydperk vanaf 1940 tot en met die dood van H.F. Verwoerd, 1966

### 3.10.1 Inleiding

Die bestendiging van politieke, maatskaplike en ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika na 1940, het aan die TO die geleent= heid gebied om meer aandag aan sy eie sake te skenk.

Die TO het egter steeds ook as 'n vereniging in diens van die Afrikanervolk gefunksioneer, want dit wat sy lede as burgers van Suid-Afrika in kultuurhistoriese verband beleef het, was deel van die TO se geskiedenis.

Die tydperk 1940-1966 word geneem omdat hierdie twee jaartalle sekere hoogtepunte, waarby die TO ook betrokke was, verteen= woordig. Die katastrofale Tweede Wêreldoorlog was naamlik in 1940 aan die gang en dit sou ook op die politieke verloop van sake in Suid-Afrika 'n invloed hê. Die tweede datum, 1966, val

saam met die dood van die Republiek van Suid-Afrika se eerste premier, dr. H.F. Verwoerd. Ook hiérby was die hele Republiek van Suid-Afrika betrokke.

### 3.10.2 Die TO tree al hoe meer as diens- en kultuurorganisasie op die voorgrond

Sedert 1940 het die TO hom daarvoor beywer om besondere diens aan sy lede te lewer. In 1940, byvoorbeeld, het die TO aanvanklik grond aan die Noordkus van Natal gekoop met die oog daarop om vakansiegeriewe aan sy lede teen billike pryse beskikbaar te stel (Bot, 1968(b) : 191). Hierdie werk van die TO het uiteindelik daartoe bygedra dat die TO tans uitgebreide vakansieoorde ten bate van sy lede bedryf. Hierdie vakansieoorde staan bekend as die TO-strand (aan die Natalse Suidkus) en Bronkhorstbaai (naby Bronkhorstspruit) (Anon., 1977(h) : 5).

Die TO het hom ook in permanente kantore gevestig, eers in Johan=nesburg en later in Pretoria (30 Junie 1963). Die professionele dienslewering van die TO het 'n bestendige gang gegaan en die vol=gende hoogtepunte in sy prestasies gee 'n aanduiding van die aktiwi=teite van die TO (Van Wyk, 1968(b) : 192-203):

* In 1943 is die vyftigjarige bestaan van die TO gevier en 'n gedenkblad van 76 bladsye is uitgegee.

* In 1944 het die TO hom veral beywer vir die instelling van 'n keurraad** vir bevorderingsdoeleindes van onderwysers.

---

**In 1963 is sodanige keurraad ingestel met die aanvaarding van *Onderwyswysigingsordonnansie*, 31 Julie 1963.

* Die TO het in die veertigerjare die stryd om die erkenning van die onderwys as 'n volwaardige professie in die rei van professies erken te kry, aangeknoop.

* Die jare 1944-1945, die moeilike na-oorlogse jare, was ge=kenmerk deur die felle stryd om enkelmediumskole en die behoud van Afrikaneridentiteit. Op 30 Mei 1945 het die Transvaalse Provinsiale Raad, ten spyte van die verbete teenstand van die TO, besluit om dubbelmediumonderwys in alle Transvaalse skole van toepassing te maak. Die ver=toë van die TO het vrugte afgewerp, want in 1948 is enkel=mediumonderwys weer in Transvaal ingestel.

* Die TO was bitter ontevrede met die salarisverhogings van 1944, soos toegestaan deur die Uitvoerende Komitee. Die verhogings het van 0 persent (alle onderwysers wat meer as R1200 per jaar verdien het) tot 10 persent (salarisse tot en met R630 per jaar) gewissel. Protesvergaderings is hierna in alle stede en in groter dorpe gehou.

* Vanaf Augustus 1948 het die TO-blad, *Onderwysblad vir Christelike en Nasionale Onderwys en Opvoeding* ook die mondstuk van die Natalse Onderwysersunie geword. Dit was moontlik omdat albei hierdie verenigings met die CNO-ideale besiel was.

* In Januarie 1954 het die TO standpunt ingeneem teen uniale beheer van die onderwys, want dit het vir die vereniging die gevaar van gelykmaking ingehou.

* Op 12 Mei 1958 is nuwe salarisskale vir onderwysers aange=kondig, maar dit het die TO nie tevrede gestel nie, want

heelwat beginselsake wat verband hou met die professionele status van die onderwysberoep, soos gestel deur die Fede=rale Raad, het agterweë gebly.

* In 1960 is die tweeledige taak van die TO vir die eerste keer duidelik geformuleer, naamlik dat hy beide as perso=neelvereniging en as volksbeweging moes dien. Die diens=voorwaarde- en diensfasiliteitestryd moes egter gesien word teen die agtergrond van diens aan die Afrikanervolk en die Afrikanerkind.

Gedurende daardie jare het die TO hom finaal gevestig as profes=sionele vereniging, want behalwe die reeds genoemde prestasies, het hy ook amptelike erkenning geniet. Die TO is op allerlei vlakke erken en geken, soos byvoorbeeld toe die Administrateur van Transvaal en die Uitvoerende Komitee kragtens *Artikel 6(h)* van *Onderwysordonnansie 29 van 1953* besluit het om die vereniging amptelik te erken. Laasgenoemde erkenning het beteken dat die vereniging oor sake rakende die onderwys deur die Transvaalse Onderwysdepartement geraadpleeg sou word.

Die reorganisasie van die TO in verskillende belangegroepe, naam=lik belangegroepe vir onderwysersopleiding, sekondêre skole, primêre skole, spesiale skole, pre-primêre skole, koshuise en sielkundige en voorligtingsdienste, het vernuwing in die onderwys bevoordeel, want gesamentlike beraadslagings, vakvergaderings, oriënteringskursusse en buitemuurse studie vir onderwysers is deur die belangegroepe gereël.**

---

**In Hoofstukke 5 en 6 word verdere aandag aan die organisasie=struktuur en funksionering van die belangegroepe geskenk.

Die TO het, behalwe bogemelde professionele dienslewering, steeds op kultuurvlak sy bydrae gelewer. So byvoorbeeld het die TO die Republiekwording van Suid-Afrika intens meegeleef en 'n ereplek in sy *Onderwysblad* (Anon., 1961(b) : 113) aan die nuwe Republiek van Suid-Afrika se eerste Staatspresident, Charles Robberts Swart, gegee. Alle TO-lede is deur die Redakteur gemaan om al hulle "kragte in te span om die Republiek te behou, want die Republiek is die staat, dieselfde ou Suid-Afrika met 'n staatsburger as staatshoof. Val die Republiek, dan val die staat en dan val die Blanke beskawing in Suid-Afrika" (Anon., 1961(a) : 115).

Die persoon wat hom veral vir die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika beywer het, was die destydse Eerste Minister van Suid-Afrika, naamlik dr. Hendrik Frensch Verwoerd. Na die tra= giese oorlye van Verwoerd op 6 September 1966, het die TO 'n tref= fende huldigingsartikel en 'n volbladfoto in die *Onderwysblad* (Anon., 1966 : 177-179) aan hom afgestaan. Dat hierdie volksleier ook die hoogste agting en respek van die Afrikaneronderwyserskorps van Transvaal geniet het, blyk uit die volgende huldigingswoorde:

> "Namens ons hoofbestuur en al ons lede, buig ons langs hierdie weg saam met die hele volk die hoofde in diepe oot= moed en lê in tere herinnering aan een van die GROOTSTE en GETROUSTE seuns van Suid-Afrika, ook ons krans teen sy graf in die Helde-akker. Ons bring langs hierdie weg ons dankbare hulde vir ryke erfenisse wat ons uit sy lewe toe= geval het. Mag hierdie ryke erfenisse altyd as 'n skat be= waar bly en voortleef" (op. cit. : 179).

### 3.10.3 Evaluering

Die rol van die TO het in belangrikheid toegeneem, want nie slegs as professionele diensorganisasie nie, maar ook as kul= tuurdraer en -vormer in Suid-Afrika het hy betekenisvolle werk gedoen. Steeds het die TO sy diens gelewer vanuit sy primêre dryfkragte, naamlik om God bo alles te dien en daarom ook sy volk.

## 3.11 Die tydperk vanaf 1967 tot en met die Afrikaneronderwyskon= gres van 18 tot 20 Maart 1982

### 3.11.1 Inleiding

Die jare 1967 en 1982 word geneem vir die begrensing van hierdie tydperk, omdat dié twee besondere jare mylpale in die ge= skiedenis van die onderwys in die RSA verteenwoordig. Die TO, as deel van die onderwysstelsel van die Republiek, was ten nouste betrokke by hierdie mylpale.

Die jaar 1967 is bekend vanweë die feit dat die *Wet op die Nasio= nale Onderwysbeleid, 1967*, (wet 39 van 1967) toe gepromulgeer is. Die aanvaarding van hierdie wet is die resultaat van jarelange ywer van die kant van Christen-Afrikanerouers en -onderwysers. Ook die TO het hom vir die totstandkoming van hierdie wet beywer (Anon., 1968(a) : 30).

Tussen die jare 1967 en 1982 het die TO in krag en in ledetal ge= groei en betekenisvolle bydraes gelewer. Enkele hoogtepunte in sy ontwikkelingsgang en figurering sal verderaan in die volgende paragrawe kortliks in oënskou geneem word. Ter illustrasie van sy ontwikkeling word statistiese gegewens in tabelvorm verstrek.

1982 word as afsluitingsdatum van hierdie tydperk geneem, omdat die Afrikaneronderwyskongres wat gedurende Maart 1982 plaasgevind het, 'n verdere besondere hoogtepunt in die onderwysgeskiedenis van die RSA was. Hierdie kongres was van groot belang, omdat die *Ver= slag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA* 1981 alhier bespreek en geëvalueer is. Saam met die Verslag het die kongres ook oor die gepaardgaande *Tussentydse Memorandum oor die Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA* van die Regering besin. Verderaan in hierdie hoofstuk sal daarom aangetoon word wat die besondere rol van die TO by die inisiëring, die plaasvind en die besluite van die kongres was.

### 3.11.2 Die TO verwelkom die *Wet op die Nasionale Onderwysbeleid*, 1967 (wet 39 van 1967)

Die TO, saam met al die Christen-Afrikaners in die Republiek van Suid-Afrika, het Wet 39 van 1967 dankbaar verwelkom. Reeds sedert die stigting van die To in 1894 het hy hom beywer vir Christelik-nasionale opvoedende onderwys. Die TO se deelname aan die CNO-beweging aan die begin van hierdie eeu, sy volgehoue stryd ten gunste van moedertaalonderrig en sy respektering van ouerseggen= skap het indirek bygedra tot die realisering van hierdie wet.

Die tien beleidsbeginsels wat in Wet 39 van 1967 uitgestippel word, waarvolgens die Minister van Nasionale Opvoeding sy beleids= bepalinge vir alle onderwysaangeleenthede mag neerlê, bevat onder andere die volgende belangrike bepalinge:

* Onderwys in staats- en staatsondersteunde skole moet 'n Christelike karakter hê.

* Hierdie onderwys moet 'n breë nasionale karakter dra.

* Daar moet deur medium van die moedertaal (Afrikaans of Engels) onderwys gegee word.

* Die ouergemeenskap moet 'n plek in die onderwysstelsel kry.

Die Christelike karakter, die nasionale inslag, die moedertaalon= derwys en die ouerseggenskap was almal beginsels waarvoor die TO hom deurgaans beywer het; trouens, in sy eerste grondwet word hierdie beginsels alreeds duidelik uitgespel.*[1]

In die *Onderwysblad* (Anon., 1968(a) : 30) berig die TO self na aanleiding van die promulgering van hierdie wet: "Wie sou ooit wil ontken dat die TO se volgehoue vertoë 'n belangrike rol gespeel het in die opheffing van die verdeelde beheer*[2] oor middelbare onderwys? Maar belangriker nog — met hoeveel vreugde en dank= baarheid het die TO nie die bepaling in die Wet op Nasionale On= derwysbeleid verwelkom nie, wat bepaal dat die onderwys in die Republiek Christelik en Nasionaal moet wees. Wanneer die ge= skiedenis van die TO nagegaan word, is dit duidelik waarom die Afrikaneronderwysers dit juis in 1893 noodsaaklik gevind het om op 'n georganiseerde wyse en met ongelooflike opoffering te veg vir die behoud en bevordering van CNO... Die jaar 1967 is die jaar waarin daardie beginsel waarvoor ons voorgangers bespot en verguis,

---

*[1]Vergelyk Par. 3.3.2.

*[2]Hier word verwys na die *Wet op Onderwysdienste, 1967* (wet 41 van 1967) waardeur alle beroepsgerigte skole oorgeplaas is na die provinsiale onderwysdepartemente.

ja selfs verag en verneder is, deur 'n wetsbepaling landsbeleid geword het".

### 3.11.3 Die deelname van die TO aan die Volkskongres van 1969

Wet 39 van 1967 was 'n voldonge feit, die onderwysbeleid is op staatkundige vlak bepaal, dog dit was nie genoeg nie. Daar moes inhoud aan die Wet gegee word en die regte implementering moes vasgelê word. Gesamentlike besinning van alle eendersdenkende Christen-Afrikaners was nodig.

Die Interkerklike Kommissie van Opvoeding en Onderwys (IKKO), wat in 1953 ontstaan het en saamgestel is uit verteenwoordigers van die drie Afrikaanse kerke, het in samewerking met die Suid-Afrikaanse Onderwysersbond (SAOB), wat die skakelliggaam tussen die Afrikaanse onderwysersverenigings in die vier provinsies is, so 'n volkskongres gereël (Raath, 1969 : 1-4).

Hierdie Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys wat vanaf 29 September tot 2 Oktober 1969 in Pretoria gehou is, is heelhartig deur die TO ondersteun. Die TO-hoofbestuur het opdrag gegee dat elke TO-tak twee (minstens een) verteenwoordigers na die kongres moes stuur (Anon., 1969 : 127).

By hierdie kongres het dit primêr gegaan oor die gees en rigting wat opvoedende onderwys in die huis en in die skool moes openbaar. Die professionele taak van die onderwyser en sy beroepstrategieë en onderrigmetodes is nie as sodanig bespreek nie, hoewel J.H. Jooste in sy referaat* ook van hierdie sake volledigheids=

---

*Jooste, J.H. *Die onderwyser, sy opleiding, sy status, sy Christelike roeping en sy beslissende rol in die opvoeding en onderwys van die kinders.*

halwe aangeraak het.

Sommige van die besluite wat deur die kongres geneem is, was van groot belang vir die verdere praktiese uitlewing van die CNO-be= ginsels, byvoorbeeld:

* "1.1.2 Die kongres verklaar dat dit nou ons plig as Christenvolk is om hierdie Wet reg te implementeer en ver= soek die IKKO en die SAOB en ander belangstellende instan= sies om leiding te gee en ons optrede hierin te organiseer" (Volkskongres vir Opvoeding en Onderwys, 1969 : 1).

* 2.3 Die *Christelike gees van die skool.* Die gees van die skool moet so wees en die leerstof moet so aangebied word dat die Christelike gees oral en altyd figureer.

* 2.5 *Die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser.* 'n Positiewe Christelike lewens- en wêreldbeskouing, genormeer na die eise van Gods Woord, is onmisbaar vir elkeen wat as opvoeder meewerk aan die opvoedende onderwystaak van die Christelike skool en gesin.

* 2.8 *Dankmosie teenoor onderwysers.* "Die kongres wil sy dank betuig aan die staat- en provinsiale onderwysers wat al die jare gesorg het dat ons skole in groot mate Chris= telik en Nasionaal is" (op. cit. : 2).

* 11.6 *Besluite van volkskongres.* "Die kongres besluit dat die besluite van hierdie kongres aan al die onderwysers= verenigings en alle Afrikaanse universiteite en kolleges gestuur word sodat dit uitgedra kan word na die onderwy= sers" (op. cit. : 12).

Die TO het voldoen aan hierdie versoek en al die kongresbesluite in sy amptelike mondstuk, naamlik die *Onderwysblad* gepubliseer sodat alle TO-lede daarvan kennis kon neem. In die *Onderwysblad* van Januarie 1970 (Anon., 1970 :2-3) is ruimte afgestaan aan ꞌn hoofartikel wat alle onderwysers verbonde aan ꞌn Afrikaanse onder=wysersvereniging opgeskerp het om hulle deel by te dra tot die im=plementering en realisering van die riglyne van Wet 39 van 1967. In watter mate die TO die oproep van die kongres ernstig opgeneem het, blyk uit die oproep van die TO-hoofbestuur ná die kongres, naamlik: "*Ons wil egter elke Afrikaanse Onderwysersvereniging* oproep om nie alleen as organisasie daadwerklik tot aksie oor te gaan nie, maar *elke lid* van die georganiseerde professie te in=spireer om sy persoonlike bydrae te lewer. Sonder die regte on=derwyser; sonder die regte gesindheid by die onderwyser; sonder die regte leiding aan die onderwyser, is alles tevergeefs" (Anon., 1970 : 3).

3.11.4 <u>Die TO het bedenkinge oor die samestelling van die Nasio=nale Onderwysraad, 1969</u>

Wet 73 van 1969 (art. 5(1) en 5(3)) het die *Nasionale Adviserende Onderwysraad* vervang met ꞌn *Nasionale Onderwysraad*. Hierdie Nasio=nale Onderwysraad (NOR) se primêre funksie was en is nog steeds om die Minister van Nasionale Opvoeding te adviseer met betrekking tot die beleid aangaande die onderwys van Blankes. Die TO het hom, saam met die ander onderwysersverenigings van die Federale Raad, jarelank vir die totstandkoming van so ꞌn raad beywer. Hy het *egter sy ontevredenheid uitgespreek* omdat daar op die Raad vir net een lid van ꞌn vereniging van Afrikaanssprekende onderwy=

sers (kragtens die *Wysigingswet op die Nasionale Onderwysbeleid* van 1974) voorsiening gemaak is. Dit was juis die heel belang=rikste doel van die volkskongres (1969) om die ouers en die onder=wysers gesamentlik te betrek by die beleidsbepalinge en implemen=tering (asook beplanning) van Blanke onderwys in Suid-Afrika. Dit het duidelik geblyk dat een verteenwoordiger van die Afrikaanse onderwysersverenigings nie veel sou kon vermag uit 'n totaal van die 19 lede in die Raad nie (Anon., 1968(a) : 30).

### 3.11.5 Die TO se aandeel in en reaksie op die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes, 1976*

Die TO het, saam met die ander geaffilieerde onderwysersverenigings van die Federale Raad, hom jare lank beywer vir die totstandko=ming van die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes (SAOR). Toe die *Wet op die Suid-Afrikaanse Onderwysersraad vir Blankes* (wet 116 van 1976) op die wetboek van die Regering geplaas is, het die TO dit verwelkom, want die SAOR het wetlike status aan die onderwysberoep gegee. Aangesien 22 van die 28 lede van die SAOR verteenwoordigers van onderwysersverenigings is (vgl. Figuur 2.2 p. 20), bied hierdie raad goeie geleenthede vir die prakti=serende onderwysers om ook hulle bydrae ten opsigte van die pro=fessionalisering van die onderwysberoep te lewer.

### 3.11.6 Professionele dienslewering van die TO vanaf 1967 tot 1982

#### 3.11.6.1 Inleiding

Steeds het die TO hom dit ten doel gestel om sy lede

*Vir 'n meer volledige bespreking van die SAOR, vergelyk Hoofstuk 2, Par. 2.5.

sover moontlik van diens te wees, nie net in die doelmatige uit=oefening van hulle beroep nie, maar ook ten opsigte van allerlei ander voordele, soos byvoorbeeld die voorsiening van vakansie=fasiliteite, besondere aankoopskemas, studiebeurse, regsadvies ensovoorts. Die gunstige posisie waarin die onderwysberoep tans verkeer, in vergelyking met ongeveer 30 jaar gelede, is in 'n groot mate te danke aan die ywer van onder andere die TO deur middel van die Federale Raad. Gedurende hierdie tyd kon die TO betekenisvolle bydraes lewer omdat die interne ontwikkeling van die Vereniging en die leiding wat daar van sy leiers uitgegaan het, merkwaardig was.

3.11.6.2 Enkele belangrike komitees van die TO

Die volgende drie hoofkomitees wat gedurende die afgelope twee jaar in die organisasiestruktuur van die TO tot stand gekom het, naamlik die Kultuurkomitee, die Professionele Komitee en die Personeelverenigingkomitee, het reeds waardevolle diens gelewer.

* Die Kultuurkomitee van die TO

  Sedert die stigtingsdatum van die TO het hy ook kultuur=vormende diens gelewer. So is die TO geaffilieer by ver=skeie Afrikaanse kultuurverenigings in Suid-Afrika, byvoor=beeld by die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Opvoedkunde, die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys en die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasseaangeleenthede (Steyn, 1977 : 9).

  Op 'n vergadering van die Kultuurkomitee (TO, 1981(c) : 1) is daar besluit dat hierdie komitee onder andere die volgende

doelwitte sal nastreef:

- Om gereelde skakeling en samewerking tussen die TO en ander verwante Afrikaanse kultuurorganisasies wat die= selfde doelwitte nastreef en dieselfde grondbeginsels as die TO handhaaf, te bewerkstellig.

- Om, deur navorsing, inligting vir die TO in te win ten einde wetenskaplik-verantwoorde standpunte in te neem oor kultuuraangeleenthede.

Die Kultuurkomitee kry ook die opdrag van die TO om die sensitiewe politieke saak van rasse-integrasie op skole= vlak as deel van sy terrein van operasionalisering te aan= vaar en met aanbevelings na die Hoofbestuur te kom.

Die TO het hom egter reeds vroeër as 1981 besig gehou met die rassevraagstuk in Suid-Afrika. Daadwerklike pogings om beter skakeling tussen verskillende bevolkingsgroepe te be= werkstellig, is reeds deur die TO onderneem. So was daar tot en met 1977 reeds ontmoetings met Swart onderwysleiers van Qua-Qua, Bophuthatswana en Gazankulu. Op 18 Junie 1977 is daar in Pretoria onder TO-vaandel 'n simposium gehou waarby Swart onderwysleiers uit drie Swart Nasionale State, asook verteenwoordigers van die stedelike Swartes en Blan= ke onderwyserleiers in Swartonderwys betrek is (Anon., 1977(i) : 1).

Die standpunt van die TO ten opsigte van volkereverhoudinge in die RSA en die res van Suidelike Afrika is dat gediens= tigheid, onderdanigheid en burokratisering die onderwysbe=

roep onwaardig is. Die TO beskou die kweek van goeie vol=kereverhoudinge op leerling- en onderwysvlak as van pri=mêre belang.* Een veelrassige beroepsliggaam vir onderwy=sers word egter nie deur die TO gesteun nie, want die onder=wysberoep is uniek in dié opsig dat hy met die nog onvol=wassenes (ook op religieuse en kultuurgebied) arbei (Anon., 1977(k) : 3).

Die Kultuurkomitee het egter die omvattende taak "om alles moontlik te doen ten einde te verseker dat die beginsels van Christelik-nasionale onderwys, wat hoofsaaklik gebou is op die Afrikaner se godsdiens en kultuur, op die volgende vlakke sal ontplooi:

4.1 Die skool

4.1.1 Kurrikulum

4.1.2 Buite-kurrikulêr

4.2 Onderwysersopleidingsinrigtings

4.3 Die TO se aktiwiteite op alle vlakke

4.4 Die ouergemeenskap" (TO, 1981(c) : 11).

* Die Professionele Komitee

In die Huishoudelike Reglement van die Professionele Komitee van die TO (1981(b) : 1) word onder die opskrif Doelstel=lings bepaal dat hierdie komitee binne die raamwerk van die TO se grondwet en professionele erereëls die Hoofbe=stuur van wetenskaplik-verantwoorde inligting oor opvoed=

---

*Die volledige hantering van die rasseverhoudingeprobleem deur die TO word in Hoofstuk 6, wat handel oor die funksionering van die TO, in oënskou geneem.

kundige en professionele aangeleenthede sal voorsien. Die Komitee sal veral werk aan sake wat die status van en die agting vir die Blanke onderwyser en van die Transvaal=se Onderwysersvereniging sal bevorder. Die belangegroepe en hul funksionering sou voortaan deur die Professionele Komitee ondersteun word.

* Die Personeelverenigingkomitee
Die TO het vanaf 1894 steeds gewerk aan die diensvoorwaar=des van onderwysers, maar die vaartbelyndheid van funksio=nering is verbeter met die stigting van die Personeelver=enigingkomitee. In die Huishoudelike Reglement vir die Personeelverenigingkomitee (TO, 1981(a) : 1) word onder "Doelstellings" die volgende ten opsigte van die Komitee bepaal:

> "Om binne die raamwerk van die TO se Grondwet en professionele erereëls inligting in te win en die Hoofbestuur te adviseer in verband met die Vereni=ging se aktiwiteite wat daarop gemik sal wees om te verseker dat die TO as funksionele organisasie sy volle bydrae sal lewer in belang van diensvoorwaar=des van onderwysers, lidmaatskapvoordele van TO-lede en algemene diensvoordele wat eie is aan 'n personeel=vereniging".

Die bogenoemde drie hoofkomitees van die TO het meegebring dat

meer gespesialiseerde aandag aan besondere probleme geskenk kon word, soos byvoorbeeld die volkereverhoudingeprobleem wat na 'n subkomitee van die Kultuurkomitee verwys is (TO, 1981 (c) : 14). Die beginselgrondslae van die TO kon vanaf 1980 deur middel van die werksaamhede van hierdie komitees meer effektief toegepas word. Die TO-werksaamhede wat veral op drie terreine, naamlik die pro= fessionele terrein, die kulturele terrein en die personeelvere= nigingterrein uiteen val, kon sedert 1980 meer doeltreffend deur= gevoer word.

3.11.6.3 Die TO en die Federale Raad van Onderwysersverenigings

Reeds sedert die stigting van die Federale Raad in 1922 het die TO 'n belangrike rol in die organisasiestruktuur en die funksionering van die Federale Raad gespeel. Verskeie van die funksionarisse van die Federale Raad was TO-lede, byvoorbeeld J.F. Steyn, wat tans sekretaris van die Federale Raad is en H.O. Maree, wat tans dien as voorsitter. Die TO het doelgerig gepleit vir die Afrikaneronderwyser se saak, daarom moes hy hom 'n tyd lank distansieer van die werksaamhede van die Federale Raad,* totdat ideologiese sake van die agendas van die Federale Raad weggelaat is.

Deur middel van volgehoue versoeke, onderhandelinge en vertoë het die Federale Raad eindelik gedurende 1981 daarin geslaag om aan die Blanke onderwysers van die RSA 'n redelik goeie bedeling

*Die Federale Raad word meer breedvoerig in Hoofstuk 2, Par. 2.4 behandel.

ten opsigte van salarisse te laat toekom. Die verhogings het gewissel van 12,9 persent tot 57,3 persent, met 'n gemiddelde ver= hoging van ongeveer 26 persent (TO, 1982(a) : 19). Die TO het in die dekadelange salarisstryd saam met die ander lede van die Federale Raad sy belangrike deel bygedra, veral omdat hy die meeste verteenwoordigers op die Raad het (sewe uit 'n totaal van 35 - vgl. Tabel 2.2) en ook omdat die dagbestuur van die Federale Raad onder leiding van H.O. Maree, die huidige TO-voorsitter, was. Maree se verbete stryd deur middel van die kommunikasiemedia het dié mate van sukses tot gevolg gehad.

### 3.11.6.4 Enkele kursoriese opmerkings met betrekking tot die toename van die TO-ledetal en die funksionarisse

Die TO-ledetal het sedert sy ontstaan grootliks toegeneem. Hier= die toename, wat betekenisvol vir die TO was en nog steeds is, word in Tabel 3.2 aangetoon. Die feit dat die TO namens onge= veer 18 000 onderwysers van Transvaal opereer, gee aan hom 'n kwaliteits- en kwantiteitsgesag wat respek afdwing, daarom is daar verskeie kere reeds gehoor gegee aan sy vertoë en versoeke (vgl. die salarisstryd van 1980/81).

Tabel 3.2 Die toename van die TO-ledetal gedurende die ampstermyne van die verskillende voorsitters en voltydse sekretarisse (Saamgestel uit ge= gewens geneem uit 'n groot aantal bronne: kyk Bronnelys.)

| JAAR | LEDETAL | VOORSITTERS | VOLTYDSE SEKRETARISSE | DIENSTERMYN |
|---|---|---|---|---|
| 1894 | 50 | R.D. Collins | | 1893 - 1895 |
| 1898 | 230 | J. van Bruggen | | 1895 - 1903 |
| 1904 | 124 | W. Klooster | | 1903 - 1908 |
| 1914 | 450 | N.M. Hoogenhout | | 1908 - 1917 |
| | | M. Vaandrager | | 1917 - 1919 |
| | | N.M. Hoogenhout | | 1919 - 1922 |
| 1924 | 1350 | M. Vaandrager | | 1922 - 1924 |
| | | | L.J. Erasmus | 1923 - 1935 |
| | | C.A. Winter | | 1924 - 1928 |
| 1934 | 3289 | J.H. Greijbe | | 1928 - 1949 |
| 1943 | 3782 | | A.C. v.W. Stroh | 1936 - 1943 |
| | | | P.J. v.Z. Hattingh | 1944 - 1961 |
| | | A.H. du P. van Wyk | | 1949 - 1950 |
| 1954 | 5312 | A.J. Koen | | 1950 - 1957 |
| | | G J Potgieter | | 1957 - 1962 |
| | | | D.P. Goosen | 1961 - 1962 |
| | | J.J. Mulder | | 1962 - 1963 |
| | | G.J. Potgieter | | 1963 - 1968 |
| 1964 | 7990 | | J.A. Robbertse | 1962 - 1967 |
| | | | D.S. van der Merwe | 1967 - 1970 |
| | | N.S. Botes | | 1968 - 1969 |
| | | G.J. du Toit | | 1969 - 1974 |
| | | | J.F. Steyn | 1970 - |
| 1974 | 10539 | T.M. Kirsten | | 1974 - 1974 |
| | | C.P. van der Walt | | 1974 - 1975 |
| | | J.D. V. Terblanche | | 1975 - 1979 |
| 1982 | 18000 | H.O. Maree | | 1979 - |

Uit Tabel 3.2 kan die volgende afleidings gemaak word:

* Die ledetal van die VVOOZA het gedurende die eerste vyf jaar van sy bestaan vinnig toegeneem. Direk na die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) moes hy, wat getalle aanbetref, weer van onderaf begin, want van die onderwysers is ook deur die oorlog verstrooi, gedood en ontwrig.

* Vanaf 1923, met die aanstelling van L.J. Erasmus, tot 1934 het die ledetal vinniger as voor 1923 toegeneem, want die voltydse sekretaris kon al sy tyd en aandag aan die TO skenk.

* Die toename in die aantal lede van die TO gedurende en net na die depressietyd (1934-1943) was stadig, want baie on= derwysers het ook in finansiële nood verkeer en sommige het die onderwys noodgedwonge verlaat omdat daar nie vir hulle betrekkings beskikbaar was nie.

* Die merkwaardige toename in die aantal TO-lede sedert 1964, toe daar 7 990 lede was, tot die 18 000 van 1982, kan toe= geskryf word aan verskeie faktore, soos byvoorbeeld:

  - Die TO het meer vaartbelyn geword in sy funksionering.
  - Die getalle Afrikaanse onderwysers in Transvaal het toe= geneem, want –
    - onderwysfasiliteite het uitgebrei,
    - onderwysfasiliteite is gemoderniseer,
    - meer leerlinge het tot standerd tien deurgedring.

* Die feit dat die TO-lede met slegs die beste onderwysmanne

as leiers tevrede was, het bygedra tot sy merkwaardige ontwikkeling. So byvoorbeeld het verskeie voorsitters van die TO ook in hul latere lewe die hoogste onderwyspos in Transvaal, naamlik Direkteur van Onderwys, beklee. Die volgende voorsitters was ook Direkteur van Onderwys in Transvaal (Anon., 1976(a) : 7-9):

N.M. Hoogenhout,
A.H. du Preez van Wyk, en
A.J. Koen.

* Die algemene sekretarisse het ook volgehoue hoogstaande dienste gelewer en die Groot Vereniging op alle vlakke goed laat funksioneer. Daarvan is die hele figurering van die TO gedurende sy bestaan, maar veral die afgelope twee jaar bewyse, toe baie vir die onderwysberoep vermag is (vgl. die 1981-salarisverhogings en die deelname van die TO aan die Afrikaneronderwyskongres van 1982 te Bloemfontein).

## 3.11.7 Die Afrikaneronderwyskongres (18-20 Maart 1982) en die rol wat die TO in dié verband gespeel het

### 3.11.7.1 Inleiding

Wet 39 van 1967 en Goewermentskennisgewing R2029 het die wetlike waarborg vir die Afrikanervolk gebied dat Christelike en nasionale opvoedende onderwys in sowel die RSA se Blanke staatsge= subsidieerde as suiwer staatskole gegee sou word. Die volkskon= gres van 1969 het duidelike riglyne oor hoe hierdie wet geïmple= menteer moes word, uitgestippel.

Of hierdie Christelik-nasionale onderwys waarlik in elke skool en in elke vak tot sy reg gekom het, bly 'n vraag. Desnietemin was dié wet en die nodige onderwysmeganismes vir die implementering daarvan beskikbaar en dit het 'n groot mate van sekuriteit by die Afrikanervolk teweeggebring.

Belangrike resente ontwikkelinge in Suid-Afrika het egter weer kwelvrae by Christen-Afrikaners laat ontstaan. Enkele van dié verwikkelinge is die volgende:

* Ingrypende veranderinge is besig om hulle op konstitusio=nele vlak in ons land te voltrek. Daar is afgesien van die Westminsterstelsel en waarskynlik sal die Kleurlinge en Asiate eersdaags in die RSA se Sentrale Regering geakkom=modeer word.

* Daar word steeds meer druk vanuit die buiteland op die RSA uitgeoefen om gelyke onderwysgeleenthede vir alle bevol=kingsgroepe te voorsien.

* Die belangrike *Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA*, 1981 (kortweg bekend as die RGN-onderwysverslag) en die daarmee gepaardgaande *Tussentydse Memorandum oor die Verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing oor die Ondersoek na Onderwysvoorsiening in die RSA*, 1981, van die Regering het verskyn en sekere ingrypende aanbevelings en bevindinge het hierin verskyn.

Veral die verskyning van die RGN-onderwysverslag en die Regerings=memorandum het aanleiding gegee tot die hou van die Afrikaner-on=

derwyskongres te Bloemfontein. Die Christen-Afrikaners het weer, soos met die volkskongres van 1969, saamgetrek vanoor die hele land om oor prinsipiële sake te besin. Die besluite wat die kon= gres geneem het, is as belangrike aanbevelings na die Regering deurgestuur, sodat die Regering dit in aanmerking kon neem by toe= komstige wetgewing.

3.11.7.2 Voorbereidende werk in verband met die kongres en die TO se aandeel daaraan

Om hierdie kongres te hou, was die gedagte van veral die Inter= kerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys (IKKO) in samewerking met die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) en die Transvaalse Onderwysersvereniging.* 'n Oorkoepelende reëlingskomi= tee bestaande uit verteenwoordigers van die FAK, die IKKO en die TO is saamgestel en hulle opdrag was "om 'n Kongres te reël met die RGN-verslag as motiveringspunt, maar ook om die Reformatoriese Afrikaner weer 'n keer indringend te konfronteer met die beginsels en werklikhede van die Onderwys — veral met die oog op die toe= koms" (Kruger, 1982 : 2).

Die RGN-onderwysverslag moes vooraf deur alle afgevaardigdes be=

---

*Die TO het nie net met die direkte reëlings in verband met die kongres as sodanig te doene gehad nie, maar het self 'n groot aandeel gehad in die omvattende ondersoek wat die RGN-onderwys= verslag vooraf gegaan het. So byvoorbeeld is die TO in die vol= gende studiekomitees deur sy hoofsekretaris, J.F. Steyn verteen= woordig:

- Onderwysvoorsiening in die RSA
- Onderwysbestuur
- Voorligting
- Werwing en opleiding van onderwysers
- Hoofkomitee vir onderwysnavorsing (Van Wyk, 1982).

studeer word en die TO as sodanig het ook sowel die hoofterreine van ondersoek as die belangrikste bevindinge aan sy lede bekend gestel, naamlik dat die ondersoek gehandel het oor:

* Beginsels en beleidsake (oor Onderwys);
* die organisasie wat uitvoering aan so 'n beleid moes gee;
* onderwysstelsel; en
* spesiale gebiede.

Die TO meld verder in *Mondstuk* (Anon., 1980 : 1 en 4) dat hierdie RGN-ondersoek voortgevloei het uit die onderwysersverenigings se aan=drang dat 'n presidensiële kommissie van ondersoek benoem moes word om die onderwysstand in die Republiek van Suid-Afrika diep=gaande te ondersoek.

Dit was voor die plaasvind van die Kongres reeds bekend gemaak wat=ter standpunt die TO ten opsigte van die RGN-verslag gehuldig het. Maree (1982, TV-onderhoud) die voorsitter van die TO, het verklaar dat die TO die vier beginsels van die tussentydse Memorandum van die Regering onderskryf, naamlik dat

- Christelike en nasionale onderwys (soos bepaal deur Wet 39 van 1967, artikel 2(1)(a) en (b)) vir Blankes in die RSA behoue moet bly;
- die beginsel van moedertaalonderwys behoue moet bly;
- eie skole vir elke bevolkingsgroep ook eie onderwysower=hede/departemente vir elke bevolkingsgroep vereis; en
- keusevryheid van die individu en van ouers in onderwyskun=dige opsig en ten opsigte van loopbaankeuse binne die raamwerk van eie skole vir elke bevolkingsgroep toegepas

moet word.

Die TO het dit verder, by monde van sy voorsitter, duidelik gestel dat hy ŉ hoë premie op desentralisasie van onderwysbeheer plaas, dat eie identiteit en die kultuurbesit van elke ander volk be= houe moet bly, en dat die eie Blanke onderwysstandaarde nie afge= plat mag word in die nastrewe van gelyke onderwysgeleenthede nie.

3.11.7.3 Die TO se aandeel in die kongresverrigtinge

Die TO se aandeel in die kongresverrigtinge self was betekenisvol, want by hierdie kongres in die Callie Humansentrum van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, waar 1 620 afge= vaardigdes van kerkrade, onderwysersverenigings, skoolbeheerrade, universiteite, skole, kolleges, Rapportryerskorpse, vroue-organi= sasies en ook ander Afrikaanse instansies verteenwoordig was, het H.O. Maree ŉ bydrae gelewer as tweede inleier van die referaat "Onderwyser-betrokkenheid gesien in die lig van die RGN-verslag oor onderwysvoorsiening in die RSA".

J.F. Steyn, die Hoofsekretaris van die TO, was voorsitter van die Besluitekomitee en lid van die Reëlingskomitee. Hierdie besluite= komitee het in krisissituasies positief rigting aan die verloop van die kongres gegee. So byvoorbeeld het bepaalde referate en bydraes in verband met die uiteenlopendheid van die Suid-Afri= kaanse bevolkingsamestelling, ekonomiese werklikhede en bepalende kultuurkragte die Donderdagaand, 18 Maart 1982, uitgeloop op skerp meningsverskille, onder andere veral oor die stemprosedures deur middel waarvan die kongresopinie getoets sou word. Probleme rondom hierdie besprekings en die stemprosedures is egter, deur die

tydige reëlings van die Besluitekomitee, op Vrydagoggend finaal opgeklaar (Kruger, 1982 : 2).

Die aandeel van die TO is verder beklemtoon deur die feit dat P.J. van der Merwe (ondervoorsitter van die TO), W.A. Landman (lid van die dagbestuur) en H.J.S. Stone as referente opgetree het. Behalwe H.O. Maree het ook drie ander TO-lede as inleiers by referate opgetree, naamlik S.S. Barnard, P.J. Maree en J.L. van der Walt (Anon., 1982(b) : 6).

3.11.7.4 Die kongresbesluite en die TO se reaksie daarop

Die kern van die finale besluite kom op die volgende fundamentele sake neer : die Kongres sou by die Regering aanbeveel dat:

* die Afrikanerowerheid se onderwys ŉ Christelike karakter moet dra;

* die ouers van ŉ skool verantwoordelik moet wees vir die bepaling van die gees en rigting daarvan;

* dit elke kind se geboortereg is om opgevoed te word in die gees en milieu van sy kulturele erfenis; en

* die beginsel van moedertaalonderrig in die onderwys moet geld.

Die TO het, na sy betekenisvolle bydrae tot die suksesvolle ver= loop van die kongres, by implikasie ook die besluite van die kongres onderskryf. Die hoofberig in *Mondstuk* (Anon., 1982(b) : 1) die amptelike lyfblad van die TO, stel dit duidelik dat die Rege=

ring in 'n gees van behoudenheid kan "voortgaan om 'n nuwe bedeling vir onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika tot stand te bring. 'n Duidelike verwysingsraamwerk vir vernuwing en aan= passing is met 18 besluite opgebou en hoewel die RGN-verslag oor onderwysvoorsiening in die RSA en die *Tussentydse Memorandum* van die Regering wat daarop betrekking het, nie in detail behandel is nie, is die kernelemente op so 'n wyse hanteer dat daar geen mis= verstande is oor die mandaat wat van die georganiseerde Afrikaner= samelewing in verband met sy onderwys uitgegaan het nie. Teen hierdie agtergrond beoordeel, was die kongres 'n sukses, het dit aan sy doel beantwoord en sal daar deur politieke besluitnemers, wat op enkele uitsonderings na in hulle afwesigheid geskitter het, deeglik ag geslaan moet word op die resultate van die byeenkoms".

Ook op hierdie kongres, net soos in 1969 se volkskongres, het die TO sy stempel afgedruk en sy beginsel-grondslae uitgeleef.

Direk na die kongres het die voorsitter van die TO op 'n vergadering van die TO-hoofbestuur (TO, 1982(b) : 1) ook beweer dat "in die lig van dit wat gebeur en afgehandel is kan sonder oordrywing die stelling gemaak word dat die TO gedurende die afgelope maande trou aan sy roeping die stempel op die onderwys nie net in Transvaal nie, maar in die Republiek van Suid-Afrika afgedruk het".

### 3.12 Samevatting

Oorsigtelik is aangetoon dat die TO 'n partikuliere ont= staans- en ontwikkelingsgeskiedenis het wat hom gebring het tot waar hy vandag is : die grootste Blanke onderwysersvereniging in die RSA (vgl. Tabel 2.1) met 'n unieke plek in die Transvaalse

onderwyswese vir Blankes in die besonder asook in die onderwys van die RSA as geheel.

* Die geskiedenis van die TO is ook so nou vervleg met die geskiedenis van die Afrikanervolk, veral dié van Transvaal, dat dit wat met die een gebeur het, ŉ direkte invloed op die ander gehad het.

* Die diens wat die TO aan die Afrikaneronderwyserskorps van Transvaal in die besonder, maar ook aan die Blanke onderwy= serskorps van die RSA in die algemeen gelewer het, het duidelik geword met die navorsing oor die geskiedenis van die TO — vanaf sy ontstaan tot op hede. Hierdie interne dienslewering het daartoe bygedra dat ŉ kerngesonde onder= wyserskorps in Transvaal Christelik-roepingsbewuste diens kon lewer.

* Die saambinding van Afrikaneronderwysers in Transvaal sedert 1894 in een professionele vereniging met Skrifgefun= deerde en volkseie grondslae en doelstellings, het koers en eensgesinde optrede, uiteindelik tot voordeel van die Afri= kanervolk, teweeggebring.

* Die To vorm deel van Transvaal se geskiedenis en het ŉ betekenisvolle rol in die ontplooiing daarvan gespeel.

In die volgende hoofstuk sal die grondmotiewe wat aanleiding tot hierdie sinvolle bestaan en funksionering van die TO gegee het, nagevors word.